WANT ELKE KIND VERDIEN
MOEDERTAALONDERRIG.
diemos.co.za | +27 12 880 2493

DIE MOS inisiatief

# MEDIAVERKLARING

*(Vir onmiddellike vrystelling)*

## OPVOLGVERKLARING: DIE MOS INISIATIEF BEVESTIG WETLIKHEID VAN OOREENKOMS MET VUURVLIEGIE AKADEMIE

***PRETORIA, 29 Julie 2026*:** In opvolg tot ons mediaverklaring reik Die MOS Inisiatief hierdie ferm regstelling uit nadat ons kennis geneem het van onlangse aantygings wat op sosialemedia gemaak is.

Daar is op sosialemedia na ons aankondiging rakende die uitoefening van ons opsie om ons aandeelhouding na 30% te verhoog, as “blatante leuens” verwys, asook in die openbaar met verdere regstappe gedreig. Die MOS Inisiatief verwerp hierdie aantygings ten sterkste as onaanvaarbaar en feitelik verkeerd.

Die MOS Inisiatief het streng binne die bepalings van ons wettige ooreenkoms opgetree. Hierdie koopkontrak is reeds op 28 November 2022 onderteken. Die betrokke klousule in die ooreenkoms stipuleer dat Die MOS Inisiatief inkoop tot Vuurvliegie Akademie teen ‘n koopprys van 20% van die skoolbesigheid. Voorts verkry Die MOS Inisiatief die opsie om ‘n verdere 10%-aandeel van die skoolbesigheid te bekom wanneer daar ’n netto-wins teen ’n ooreengekome bedrag voor belasting vir die voorafgaande twee finansiële jare deur Vuurvliegie Akademie gemaak is. Hierdie addisionele belang neem die totale belang na 30%. Hierdie addisionele transaksie moes plaasvind binne 30 dae nadat die finansiële prestasie van die skoolbesigheid met Die MOS Inisiatief deur Vuurvliegie Akademie gedeel is. Die finansiële state is op 21 Julie 2026 ontvang.

Die MOS Inisiatief het die opsie vir die verdere 10%-aandeel op Maandag 27 Julie 2026 met die oorbetaling van die ooreengekome bedrag aan Vuurvliegie Akademie uitgeoefen.

Openbare ontkennings en aantygings van leuens verander dus geensins die wetlikheid van hierdie ooreenkoms of die geldigheid van die transaksie nie. Die MOS Inisiatief se uitoefening van hierdie opsie is volkome geldig en afdwingbaar.

Ten spyte van hierdie teleurstellende reaksie, wil Die MOS Inisiatief dit onomwonde stel dat ons onverskrokke verbind bly tot gehalteonderrig in die Karoo. Ons is steeds buitengewoon trots om deel te wees van Vuurvliegie Akademie. Dit is juis die rede waarom ons aanvanklik in die skool ingekoop het, en ons sal aanhou om daardeur te verseker dat uitstekende Afrikaanse moedertaalonderrig volhoubaar aan die gemeenskap in die Karoo voorsien word.

Ons weier om toe te laat dat ongegronde uitlatings die vooruitgang van die skool en sy leerders belemmer.

**EINDE**

**Woordtelling**: 329

**NAVRAE / MEDIAKONTAK:**

Roedolf van der Westhuizen
Uitvoerende hoof
Die MOS Inisiatief
info@diemos.co.za

De Wet Coetsee
Operasionele hoof
Die MOS Skole Groep